

Afrikaanse Gesange

DIE kommissie wat belas is met die beryming van die Gesange in Afrikaans het van 5 tot 11 Julie in Oos-Londen vergader. 'n Aansienlike aantal gesange is hersien en gekeur. Ook is sommige nuwe berymings aangeneem, o.a. 'n gesang in verband met die doopsbediening, 'n oggend- en 'n aangedbed, 'n Dingaanslied en 'n lentelied. Die kommissie het bevind dat daar 'n groot gebrek is aan geleentheidsliedere en die voorneme om van ons eie digters te vra om met oorspronklike werk te help, sal waarskynlik uitgevoer word. Verder sal daar ook geput word uit die Nederlandse Vervolgbundel om gesange wat om letterkundige, estetiese en dogmatiese redes geskrap is, te vervang. Die kommissie sal eers aanstaande jaar in Julie weer byeenkom. Intussen sal 'n onderkomitee bestaande uit ds. P. B. Ackermann van Kaapstad (voorsitter van die breë komissie), dr. E. C. Pienaar van Stellenbosch en dr. A. van Selms van Pretoria verdere tekste voorberei. Die verwagting dat die Psalms en Gesange van die Nederduits-Gereformeerde Kerk teen die einde van aanstaande jaar beskikbaar sal wees, sal dus blykbaar nie verwesenlik kan word nie. Vir sommige mense sal dit miskien teleurstellend wees, maar werk van hierdie aard kan nie oorhaastig geskied nie. 'n Psalm- en

Gesangbundel is 'n duur boek, wat nie maklik hersien en herdruk kan word wanneer dit eenmaal verskyn het nie, en dit is daarom veel beter dat die kommissie hom langsaam haas en 'n werk uitgee wat vry is van die steurende gebreke waaraan sommige van die berymings in die eerste uitgawes van die Nuwe Halleluja mank gegaan het.

Maxie Bosman †

MEJ. MAXIE BOSMAN, enigste kind van mnr. en mev. Jacques Bosman, wat albei voorheen aan die doserende personeel van die Normaalkollege in Bloemfontein verbonde was, is op 30 Junie in München oorlede. Verlede jaar het sy na voltooiing van haar musiekstudies uit Europa terugkeer en kort na haar aankoms saam met haar moeder 'n reeks konserte in die Unie gegee. Na die aftrede van mnr. P. Lemmer het sy tydelik in sy plek onderrig aan die Bloemfonteinse Normaalkollege gegee. Sy en haar moeder het later weer 'n konsertreis deur die Unie onderneem, en op dié reis het sy die siekte opgedoen waaraan sy in München oorlede is. Van haar hand het onlangs nog 'n artikel in verband met die Afrikaanse kunstenaar Bosman di Ravelli verskyn.